



Parys Christelike Skool

Onafhanklike Laerskool

EMIS NOMMER 445802136
SELFOON: 079 780 6611
Epos: pcs2@parys.co.za

NPO NOMMER 119/023
LANDLYN: 056 811 3300
Epos: pcshoof@parys.co.za



Nuusbrief 5 - 1 Maart 2021

Liewe Ouers,

Baie belangrik : Ons doen dringende versoek op ouers om daarop te let dat skoolfonds VOORUITBETAALBAAR is en dus , is Maart 2021 se skoolfonds betaalbaar teen 7 Maart 2021. Daar is 11 maande skoolfonds betaalbaar en vra dat u getrou op datum sal bly met u rekening. Leerders sal skoolgang geweier word indien rekenings nie op datum is. Ons vra groot asseblief u samewerking om die situasie te vermy. Baie dankie aan elke ouer wat getrou hul skoolfonds betaal.



Kosverkope : Baie dankie aan al ons ouers wat ons boerewors rolle kosverkope ondersteun het. Dit was 'n groot sukses. Dankie vir die lede van die ouerkomitee wat kom help het asook Willie van Tonder, die voorsitter van die beheerliggaam, wat vir ons gebrui het.

Noag se Arkie en PCS prettdag 5 Maart 2021 : Leerders van Noag se Arkie en PCS sal beslis hierdie dag geniet. Elke graad sal deelneem aan verskeie aktiwiteite (volgens covid protokol). Daar sal heerlike pannekoek en "slapchips" te koop wees vir die leerders. Alle leerders mag gewone klere aantrek en hoef nie skooltasse saam te bring nie. Die skool sal om 12uur verdaag vir die leerders Graad R - Graad 7.



Maart fondsinsamelingsprojek : Leerders ontvang vandag 'n plastiese tablet houertjie. Ons vra dat die leerders die houers vul met R5 muntstukke en sodra die houertjie vol is, hom terugstuur skool toe. Vir elke vol houertjie sal 'n leerder 'n pragtige opgemaakte geskenk pakkie ontvang. Leerders het vandag 'n voorbeeld gesien van die geskenk pakkie. Indien u kind meer as een keer die houer volmaak sal hy/sy 'n geskenk pakkie ontvang vir elke keer wat die houer volgemaak is.



Leerderafwesighede : Ons versoek u vriendelik dat u asb. die kantoor in kennis sal stel indien u kind nie by die skool sal wees nie.

Verander van persoonlike inligting : Kontak asb. die kantoor indien u kontak nommer of adres verander het.

Selfone : Leerders moet verkieslik nie selfone skool toe bring nie, maar indien hulle moet, moet hulle dit afskakel en by die kantoor ingee voor skool.

Datums van gebeure :

NsA en PCS prettdag -5 Maart 2021
Publike vakansiedag -21 Maart 2021
Skole vakansiedag -22 Maart 2021

Gedagte vir die week: Kol. 3 : 17 " En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."

D van Tonder
Me D. van Tonder (Eienaar)

&

V.Koch
Mev. V. Koch (Hoof)

-Klein genoeg om te groei..... Groot genoeg om Vrug te dra-